

## 5 Oktober Eksodus 8:20-32; 10:1-27; (Teks: 10:7-11; 24, 26)

### ***Geen kompromieë tussen geloof en ongeloof nie***

Die Almagtige God doen wat Hom behaag. Hy het nie die toestemming of samewerking van mense nodig nie en Hy is van niemand se toegeeflikheid afhanklik om sy doel te bereik en sy wil deur te voer nie.

Daarom was Moses ook nie bereid om kompromieë met die Farao aan te gaan nie. Sy aanvanklike versoek dat die volk toegelaat moes word om 'n fees tot eer van die Here in die woestyn te gaan hou (Eks 5:1), is botweg deur die Farao geweier (Eks 5:2). Maar êrens tussen die vierde en vyfde plaag het die Egiptiese leier begin twyfel en met sy kompromie-politiek begin. Die Israeliete kon gaan offer, maar binne die landsgrense (Eks 8:25).

'n Tweede voorstel, dat die mans alleen kon gaan offer (Eks 10:7,11), het na die sewende plaag gevolg, en 'n derde voorstel, dat die volk hulle vee moes agterlaat (Eks 10:24), na die negende plaag. Maar Moses wou niks weet nie. Hy sê in vers 26: "Daar bly nie 'n kloutjie agter nie."

Uiteindelik was daar vir die Farao geen ander keuse as om maar toe te gee nie. Trouens, die Egiptenare was so verlig om die laaste van Israel te sien dat hulle die volk van die Here met allerlei geskenke oorlaai het.

Ons sal in hierdie bedeling nooit heeltemal vry wees van die slawerny van die Satan as ons nie, soos Moses, by die eise van God se Woord vasstaan nie. Daar is geen plek vir kompromieë tussen geloof en ongeloof nie. En trouens, dit is nie nodig nie, want God voer sy besluite deur ondanks die teenkanting van die Farao's van hierdie wêreld.

Sing: Psalm 68:1

Ds. C.J.H. Breed (Secunda)